# Landbou en landelike ontwikkelingstudies 480 (ARD 480)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Modulekrediete** | 40.00 |
| **Programme** | BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Engels |
| **Akademiese organisasie** | Landbou-ekonomie, Voorligting |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Oorsig van die konsepte en teorieë betrokke by landelike ontwikkeling; die rol van landbou in landelike ontwikkeling. Landelike lewensonderhoudsisteme: huishoudelike boerderysisteme; besluite betrokke by die werking van boerderysisteme; ondernemings en SMME's in die landelike ontwikkeling; huishoudelike voedselsekuriteit. Landelike inrigtings: definisies en rol van inrigtings; landelike eiendomsreg; landelike finansiële markte; plaaslike ontwikkeling van inrigtings; menslike kapitaal, kennissisteme. Metodologieë vir landelike ontwikkeling: die boerderysisteme-benadering; deelnemende tegnieke; evaluering van landgebruikspatrone (soneringstegnieke); tipologiese tegnieke; tegnologie-oordrag en besluitnemingsondersteuning, kommunikasie vir landelike ontwikkeling; beplanning van landelike ontwikkeling op plaaslike vlak.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.